



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2021

# RELIGIESTUDIES V1

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Begin ELKE antwoord op ŉ NUWE bladsy.

5. Die lengte van die antwoorde moet ooreenstem met die punte wat aan elke vraag toegeken is.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 D.

1.1.1 Om kommunikasie met hulle voorouers te bewerkstellig, moet aanbidders van die Afrika Tradisionele Godsdiens by … betrokke wees.

A stories
B rituele
C wonderwerke
D ubuntu (1)

1.1.2 Die Tao is ….

A die heelal.
B die pad van die heelal.
C weifeling.
D Al die bogenoemde. (1)

1.1.3 Die mistieke dimensies van Islam word dikwels … genoem.

A ŉ beswyming
B Sji'isme
C Sufisme/Soefisme
D Zakaat/Zakat (1)

1.1.4 Die stigter van Taoïsme is …

A Tao-te Ching.
B Boeddha.
C Chuang-Tzu.
D Lao-tzu. (1)

1.1.5 Die oudste van al die Hindoe-skole is …

A Sjaktisme.
B Vaishnavisme.
C Smartas.
D Shaivisme. (1)

1.1.6 ŉ Ritueel gebaseer op Jesus se laaste maal is …

A die Eucharistie / Nagmaal.
B Kersfees.
C Paasfees.
D die Pasga / Joodse Paasfees. (1)

1.1.7 … is ŉ wêreldbeskouing wat slegs op menslike redenasie gebaseer is.

A Sosialisme
B Natuurwetenskappe
C Sekularisme
D Verligting (1)

1.1.8 Zen-Boeddhisme het … ontstaan.

A in Iran
B uit Theravada-Boeddhisme
C uit Hindoeïsme
D uit Mahajana-Boeddhisme (1)

1.1.9 Katolieke woon kerkdienste by wat die … genoem word.

A Hadj
B Mis
C Heilige Nagmaal
D Mitzvot (1)

1.1.10 ŉ Lering wat nie in Judaïsme algemeen bekend is nie:

A Gee liefdadigheid
B Glo aan die Hiernamaals
C Glo aan die voorvaders
D Die Sabbat (1)

Kopiereg voorbehou 

1.2 Kies ŉ beskrywing uit KOLOM B wat by ŉ term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommers (1.2.1–1.2.6) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.7 I. Moet NIE enige letter meer as EEN keer gebruik NIE.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.2.1 Hinduism | A die oortuiging dat elke handeling ŉ uitwerking het op die toestand van die siel en die kans om moksha te behaal |
| 1.2.2 Bhagavad Gita | B Zikr is een van die belangrike rituele waartydens die gelowige God deur meditasie ontmoet |
| 1.2.3 Sufisme/Soefisme | C word behaal deur ŉ leeftyd van wysheid en beoefening; nie deur innerlike oortuiging of geloof nie |
| 1.2.4 Wet van Karma | D gee besonderhede oor Jesus se lewe en leringe |
| 1.2.5 Verligting | E die sentrale leringe word in die Tripitaka vervat |
| 1.2.6 Islam | F ŉ aantal gode in ŉ spesifieke godsdiens |
| | G ŉ beroemde geestelike teks in Hindoeïsme |
| | H die Tien Gebooie |

(6 x 1) (6)

1.3 Kies die woord in ELKE lys hieronder wat NIE by die res pas NIE. Skryf die woord langs die vraagnommers (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer en gee 'n rede waarom dit NIE pas NIE.

VOORBEELD: Rooi; Geel; Sirkel; Blou
ANTWOORD: Sirkel
REDE: Die ander drie is kleure.

1.3.1 Voorvaders; Stam; Ilimo; Ahimsa (2)

1.3.2 Bahá'u'lláh; Haifa; Kitáb-i-Aqdas; Abu Bakr (2)

1.3.3 Brahma; Vishnu; Nirvana; Shiva (2)

1.3.4 Talmoed; Pentateug; Lutherse; Tora (2)

1.3.5 Mattheus; Markus; Jesus; Johannes (2)

1.4 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf die woord(e) langs die vraagnommers (1.4.1–1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK. Kies jou antwoord uit die onderstaande lys.

| **Aanbidding; Arabiese; Pali Kanon; Tanak; Upanishads; Septuagint** |
|---|

1.4.1 In Judaïsme staan die primêre geskrifte gesamentlik as die … bekend. (2)

1.4.2 Die … is ŉ heilige geskrif van Boeddhisme. (2)

1.4.3 Afrika Tradisionele Godsdiens het nie ŉ spesifieke dag van … nie. (2)

1.4.4 Die Koran is in die … taal geskryf. (2)

1.4.5 Die … is die heilige geskrifte van Hindoeïsme. (2)

1.5 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs WAAR of ONWAAR langs die vraagnommers (1.5.1–1.5.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. Gee ŉ rede indien die antwoord ONWAAR is.

1.5.1 Die Shi’a heiligdom of Karbala is in Irak. (2)

1.5.2 In Judaïsme is die heilige naam van God, David. (2)

1.5.3 Die heilige geskrifte van die Bahá’i geloof was oorspronklik in Grieks geskryf. (2)

1.5.4 Volgens die Taoïstiese siening ontstaan al die wêreldprosesse uit tienduisend dinge. (2)

1.5.5 Die langste heldedig in Hindoeïsme is die Vedas. (2)

1.6 Skryf EEN feit oor ELK van die volgende:

1.6.1 Die belangrikheid van meditasie in Boeddhisme (2)

1.6.2 Bahá'u'lláh (2)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

## VRAAG 2

2.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**GODSDIENSTIGE UNIEKHEID**

Godsdiens is 'n sentrale deel van iemand se identiteit. Suid-Afrika word die Reënboognasie genoem. In Suid-Afrika beskerm die konstitusie godsdiensvryheid. Mense word ook aangemoedig om te leer om verskillende geestelike praktyke te respekteer. Tog, is elke godsdiens uniek en die enigste van sy soort, nie soos enige ander godsdiens nie. Hierdie kwaliteit beteken dat dit anders is as enige iets anders van sy soort, of om afsonderlik in tipe of karakter te wees. Die grootste gelowe wat in Suid-Afrika beoefen word is Christendom, Islam, Hindoeïsme, Afrika Tradisionele Godsdiens en Judaïsme.

[Aangepas en vertaal uit www.dictionary.com]

2.1.1 Definieer kortliks die term *identiteit* soos dit in Religiestudies gebruik word. (4)

2.1.2 "Suid-Afrika word die Reënboognasie genoem."

Verduidelik hierdie aanhaling in die konteks van religie. (4)

2.2 Kies ENIGE EEN godsdiens en bespreek DRIE van die unieke kenmerke daarvan. (3 x 2) (6)

2.3 Verduidelik die verstandhouding van Afrika Tradisionele Godsdiens teenoor die voorvaders en die rol wat hulle speel. (6)

2.4 Skryf die algemene kenmerke wat tussen Hindoeïsme en Boeddhisme bestaan, neer. (6)

2.5 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**KORRUPSIE VERSLAG(GEWERS)**

Terwyl die land in 'n streng grendeltyd ('lockdown') gegaan het in Maart 2020, om die verspreiding van die nuwe koronavirus hok te slaan, het president Cyril Ramaphosa 'n belofte aan die publiek gemaak; dat die regering diegene wat ernstig geraak is deur die grendeltyd sou help. Dit sou die fondse wat daarvoor beskikbaar gemaak was, beskerm. Hierdie fondse is toegewys om die mediese reaksie te versterk, die wat honger is en behoeftiges, maatskaplike toelaag-ontvangers en werknemers wat hulle inkomste verloor het weens die pandemie en die regulasies wat ekonomies aktiwiteite beperk, by te staan.

Dit is geen verrassing dat gedurende die pandemie hierdie fondse klaarblyklik misbruik is deur sommige wat die versoeking nie kon weerstaan nie.

Die meeste van die beskuldigings wat aan 'Corruption Watch' gerapporteer is, het verwys na werkgewers wat werknemers vir TERS ('Temporary Employer/Employee Relief Scheme') geregistreer het, maar nie die werknemers betaal toe die uitbetalings opdaag nie, of maatskappye wat namens die werknemers eis, maar hulle slegs 'n fraksie van die geld wat hulle toekom gee. Sekere gewetenlose ondernemings het die uitbetalings aan werknemers gegee as lenings wat hul personeel sou moes terugbetaal.

[Aangepas en vertaal uit corruptionwatch.org.za]

2.5.1 Definieer die term *korrupsie*. (2)

2.5.2 Volgens president Cyril Ramaphosa, wie was die kwesbaarste tydens die pandemie? (2)

2.6 'Religie word soms as die bron van moraliteit beskryf.'

2.6.1 Wat verstaan jy onder *moraliteit*? (4)

2.6.2 Gebruik ten minste TWEE voorbeelde om te toon dat moraliteit van godsdiens afkomstig is. (4)

2.7 Verduidelik die konsep *lering* soos dit in Religiestudies gebruik word. (4)

2.8 "Geloof in 'n godsdiens is nie altyd gebaseer op wat 'n heilige boek leer nie."

Definieer die term *geloof* soos dit in die konteks van godsdiens gebruik word. (4)

2.9 Verduidelik kortliks die betekenis van die volgende term:

Goue Reël (4)

**[50]**

## VRAAG 3

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**HOE HIERDIE PLAASLIKE MENSEHANDEL OORLEWENDE HAAR LEWE OMGEDRAAI HET**

Die 40-jarige vrou van Kaapstad het by haar pa gewoon nadat haar ma haar by geboorte in die steek gelaat het.

Teen die ouderdom van 18 … "het ek by prostitusie en dwelms betrokke geraak. Ek het ŉ meisie ontmoet wie my ŉ beter lewe in Johannesburg belowe het. My vriendin het my in ŉ kamer gelos … en dit was die laaste keer dat ek haar gesien het."

"Die volgende oggend word ek wakker gemaak met ŉ skop in die maag en uitgetrek, my oë bedek met donker kleefband en ingespuit met tik ('crystal meth'). Ek is bedwelm en gedwing om by verskillende mans te slaap."

Sy het besluit om in die strate van Johannesburg te oorleef. Gedurende hierdie tyd het sy vanaf ŉ bordeel onder leiding van ŉ vroulike bordeelhoudster ('pimp'). Sy ontdek dat sy swanger is, maar sy't geweet dat sy nooit toegelaat sou word om die swangerskap vir die volle termyn te dra nie.

"Ek is ŉ jaar lank in ŉ rehabilitasiesentrum opgeneem. Na die herstelproses het ek by ŉ kerk gaan werk. Die pastoor het my gevra om dwelms vir hom in Kaapstad af te lewer. Ek het die geleentheid gebruik om terug te gaan huis toe en het nooit weer teruggekyk nie", sê sy. Sy is al jare skoon en help jong vroue wat tot prostitusie gedwing word, om ŉ uitweg te vind. "Mensehandel is ŉ bloeiende onderneming en totdat dit soos enige ander kriminele aktiwiteit behandel word, sal dit nie stop nie," sluit sy af.

[Uittreksel geneem en vertaal uit www.news24.com]

3.1 3.1.1 Verduidelik wat jy onder die term *mensehandel* ('human trafficking') verstaan. (2)

3.1.2 Skryf neer enige TWEE van die 40-jarige vrou se menseregte wat geskend is. (4)

3.1.3 Uit die uittreksel gee bewyse hoe mensehandelaars hul slagoffers vind. (4)

3.1.4 "Die pastoor het my gevra om dwelms vir hom af te lewer."

Wat dink jy behoort die rol van godsdiensleiers te wees om mensehandel te beëindig? (4)

3.2 ‘Menseregte was nog altyd ŉ belangrike deel van godsdiens.’

Vir elk van die volgende godsdienste, bespreek kortliks die leringe wat menseregte bevorder.

3.2.1 Christendom (4)

3.2.2 Islam (4)

3.2.3 Afrika Tradisionele Godsdiens (4)

3.3 “Mensehandel is ŉ bloeiende onderneming …”

Verduidelik wat met hierdie aanhaling bedoel word. (4)

3.4 In die konteks van religie, verduidelik die volgende konsepte:

3.4.1 Vergelykbaarheid (4)

3.4.2 Ooreenkomste (4)

3.5 Beskryf die konsep *mite* in die konteks van godsdiens. (4)

3.6 Verduidelik die rol wat gelykenisse in godsdienstige leringe speel. (4)

3.7 Onderskei tussen ŉ *doktrine* en *dogma*. (4)
**[50]**

## VRAAG 4

4.1 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**OPINIES VAN ’N RABBI, ’N PRIESTER EN ’N IMAM**

Godsdiensgeskiedenis is verlede jaar in Abu Dhabi gemaak toe *’n dokument oor Menslike Broederskap* deur pous Franciscus en dr. Ahmed Al Tayeb, die groot imam van Al-Azhar onderteken is.

’n Christelike siening:
“Godsdiens is steeds die fundamentele feit in die lewens van die meeste mense”, het hy gesê. Deur aan ’n projek soos hierdie deel te neem, dink ek jy sal agterkom dat dit effektief deur jongmense gelei sal word.

’n Moslem-siening:
Sheikh dr. Fares Ali Mustafa, is ’n imam en prediker. Hy is passievol oor godsdienstige insluiting en verdraagsaamheid, en moedig mense van alle gelowe aan om sy organisasie te besoek.

’n Joodse siening:
Rabbi Daniel Silverstein en die Moslem opvoeder-cum-rapper Mohammad Yahya, het in 2008 vriende geword toe hulle ’n hip-hop duo gevorm het genaamd ‘Lines of faith’. Die musikale groep is daarop gemik om godsdienstige gemeenskapsbande te bou … en ook om vertroue in die samelewing deur middel van dialoog en musiek te bou.

[Aangepas en vertaal uit africanews.com]

4.1.1 Haal EEN woord uit die uittreksel aan wat vir ons sê dat Sheik dr. Mustafa opgewonde oor godsdienstige betrokkenheid is. (2)

4.1.2 Stem jy saam dat nouer bande tussen godsdienste nodig is om ’n regverdiger en vreedsamer wêreld te verseker? Gee redes vir jou antwoord. (8)

4.1.3 Wat was die impak van rabbi Daniel Silverstein en Mohammad Yahya se musikale groep? (4)

4.1.4 Verwys na die Christelike siening: “Godsdiens is steeds die fundamentele feit in die lewens van die meeste mense.”

Wat beteken hierdie aanhaling? (4)

4.2 Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**GODSDIENSTIGE VRYHEID IN APARTHEID SUID-AFRIKA**

Toe die Nasionale Party in die 1948 verkiesing triomfeer het, het Christendom met politieke mag bestaan. Die Aanhef van die Konstitusie van Suid-Afrika het verklaar dat Christelike waardes gehandhaaf sou word. Om hierdie rede, redeneer Lubbe (1986:116–117) dat die omstandighede wat in apartheid Suid-Afrika bestaan het, beskryf kan word as godsdienstige aanvaarding as wat dit godsdienstige vryheid was.

Volgens Lubbe (1986:117) spruit die gevoel onder aanhangers van ander godsdienste dat hulle liewer verdraagsaam was; as wat hulle ten volle vry was, uit die algemene Suid-Afrikaanse aanname dat Christendom, as godsdiens, verhewe bo die ander is.

[Uittreksel vertaal uit *uir.unisa.ac.za kilian.J*]

4.2.1 Definieer die konsep *godsdienstige verdraagsaamheid.* (2)

4.2.2 Dink jy dat godsdiens vryheid beskerm was in Suid-Afrika voor 1994? Gee redes vir jou antwoord. (8)

4.2.3 Die volgende drie organisasies is gestig om intergodsdienstige verhoudinge te bevorder. Kies EEN en bespreek die funksies daarvan in Afrika.

(a) Die Program vir Christen-Moslem Verhoudinge in Afrika (PROCMURA)

(b) Die Afrika Raad van Godsdiensleiers (ACRL)

(c) Die Intergeloof Aksie vir Vrede in Afrika (IFAPA) (8)

4.2.4 "… dat hulle liewer verdraagsaam was as wat hulle ten volle vry was."

Wat sê die huidige Suid-Afrikaanse konstitusie oor godsdiens vryheid? (8)

4.3 Bespreek kortliks die nadele van ŉ samelewing met geen godsdiensvryheid of verdraagsaamheid nie. (6)

**[50]**

## VRAAG 5

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**VALSE PASTORE EN VALSE PROFETE SKUD DIE SUID-AFRIKAANSE GELOOF** deur Thuso Khumalo

Verkragtings en bedrogskandale deur valse pastore het ŉ pleidooi tot gevolg gebring dat kerke in Suid-Afrika gereguleer moet word. Daar was die afgelope paar maande ŉ aantal opspraakwekkende sake waar vals pastore betrokke was.

President Cyril Ramaphosa het selfs betrokke geraak en Suid-Afrikaners aangemoedig om valse pastore hok te slaan.

Slagoffers van beweerde seksuele misbruik het hul ervarings aan die BBC uiteengesit en die onkwetsbaarheid van sogenaamde godsmanne wat hul gesagsposisie as dekmantel vir misbruik gebruik, gekritiseer.

Hierdie is slegs die nuutste in ŉ reeks godsdienstige kwaksalwery wat hierdie land se burgers blindelings en ywerig navolg.

Die eet van gras; om bespuit te word met insekdoder, die drink van petrol. In sommige kerke word bewerings van mensehandel, misbruik en verkragting ondersoek.

Ander word ondersoek vir bedrog teen gemeentelede wie groot somme van hul swaar verdiende geld oorhandig het in die hoop op ŉ vinnige groei op hul beleggings wat nooit gematerialiseer het nie.

Terwyl hierdie gemeentelede geld verloor het oor hul blinde geloof, reis hierdie sogenaamde pastore in privaat stralers en bestuur hulle multimiljoen rand se motors.

Dit hoort nie verduur te word nie!

[Aangepas en vertaal uit www.bbc.com]

5.1 5.1.1 Verduidelik kortliks wat die opskrif van hierdie artikel beteken. (2)

5.1.2 Waarom, dink jy, het die mediadekking van godsdienstige kwessies skerp in die afgelope jare toegeneem? (4)

5.1.3 Uit die artikel noem TWEE voorbeelde van die tipes misdade waarby hierdie pastore/profete betrokke is. (4)

5.2 President Cyril Ramaphosa het gevra: “Hoe kan ons saam werk om te verseker dat ons ons land reinig van valse godsdienstige leiers?”

Gee betekenisvolle oplossings vir bogenoemde vraag. (6)

5.3 Verduidelik in jou eie woorde, wat met kwaksalwery ('quackery') bedoel word. (2)

5.4 Lees die onderstaande leesstuk en beantwoord die vrae wat volg.

**NIGERIESE GRONDKONFLIK OPGESKERP DEUR GODSDIENSTIGE VERDEELDHEID 13.2.2017**

1 Honderde is die afgelope maande in die Kaduna-staat, Nigerië, dood in 'n langdurige konflik tussen boere en semi-nomadiese veewagters. Daar is nou 'n groter polisie teenwoordigheid en in sommige distrikte is aandklokreëls ingestel. Die pastoor van die Bishara Baptistekerk onthou die dag toe die krisis begin het. "Daar was mans wat met motorfietse aangekom het. Hulle het op verskeie plaaslike jeugdiges geskiet en drie van hulle het gesterf. Ander is beseer en moes hospitaal toe geneem word."

2 Niemand kan presies sê presies hoeveel mense in hierdie gemeenskaplike geweld gesterf het nie. Mohammed Bello Tukur, 'n advokaat, hou die konflik al vir jare dop. Hy beskryf dit as "ingewikkeld en meerlaags. Daar is konkrete geskille oor grondgebruik, maar daar is ook vrae oor etniese identiteit."

3 'n Petrolstasie in die suide van Kaduna was verwoes in die gemeenskaplike geweld. "Die konflik het ook 'n godsdienstige dimensie," het Tukur gesê. "Moslemgroepe veg teen Christengroepe. Hulle versprei leuens en dit is duidelik dat hulle 'n diepe haat teenoor ons as Moslems het," het Imam Kabir Kasam bygevoeg.

4 Hy beskuldig die Christene dat hulle voordeel trek uit die konflik omdat dit geld van internasionale hulporganisasies vir hulle gebring het, maar kon DW geen voorbeelde gee ter ondersteuning van hierdie bewerings nie. Die haat word aan albei kante gestook. 'n Prediker van die Omega Fire Ministries het onlangs sy volgelinge gevra om die veewagters van Fulani dood te maak.

[Aangepas uit DW.com]

5.4.1 Meld of die bostaande konflik tussen die groepe intra godsdienstig of intergodsdienstig is. Gee redes vir jou antwoord. (4)

5.4.2 "Moslemgroepe veg teen Christengroepe."

Watter rol kan godsdienstige organisasies speel om sulke konflikte te voorkom? (8)

5.4.3 Tukur beskryf die konflik as "ingewikkeld en multi-laags."

Wat beteken hierdie aanhaling? (4)

5.4.4 Uit die uittreksel, gee die gevolge van die geweld tussen die groepe. (4)

5.5 Daar is tot onlangs geargumenteer dat die konflik in Soedan ŉ godsdienstige oorlog is.

Stem jy saam? Gee redes vir jou antwoord. (8)

5.6 Verwys na paragraaf 4.

Wat is jou siening oor die reaksies van Imam Kasam en die prediker van 'Omega Fire Ministries'? (4)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**

**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou